## SUID-AFRIKAANSTE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 729** **13 Augustus 2021**

## DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
## WYSIGING VAN BYLAE NO. 4 (NO. 4/1/379)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 4 by bogenoemde Wet hiermee gewysig**, met terugwerkende krag vanaf 1 Julie 2021,** in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**DR DAVID MASONDO**
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur die vervanging van die volgende:**

| Kortingitem | Tariefpos | Kortingkode | TS | Beskrywing | Mate van Korting |
|---|---|---|---|---|---|
| 410.03 | 87.00 | 01.02 | 23 | Hoogstens twee gemonteerde motorvoertuie per model vervaardig onder kortingitems 317.03, 317.04 en 317.07, geklaar as prototipes uitsluitlik vir gebruik in die ontwikkeling of vervaardiging van nuwe modelle, onderhewig aan 'n permit deur die Kontroleur uitgereik en enige verdere voorwaardes wat hy in elke geval mag stel: Met dien verstande dat die prototipes nie binne 'n tydperk van twee jaar na die datum van klaring onder hierdie item aangebied, geadverteer, geleen, verhuur, verpag, verpand, weggegee, verruil, verkoop of andersins vervreem word nie: Met dien verstande voorts dat enigeen van voormelde handelinge met sodanige voertuie binne 'n tydperk van twee jaar na die datum van klaring kragtens hierdie item, sodanige voertuie onderhewig maak aan betaling van reg | Volle reg |